SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 17 AUGUSTUS 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

RUSTENBURG DOEN DIT WEER

PRETORIA ARK RIG 'N UITDAGING

INTEGNET ONDERSOEK KRAGLYNKOMMUNIKASIE

INLIGTING VAN KLUBS/TAKKE AANGEVRA

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

RUSTENBURG DOEN DIT WEER

Die Rustenburg Tak van die SARL (Tak no 1) se herhalerdekking het aansienlik vergroot deur die toevoeging van 'n simplexkoppeling op 145,325 MHz vanaf Thabazimbi. Deur hierdie koppeling is dit nou moontlik vir stasies so ver as Botswana om kontak op 2 meter te maak. Tony A22TL maak reeds van hierdie fasiliteit gebruik en rapporteer gereeld in op Tak Rustenburg se nuusbulletins op Woensdagaande om 19:00. Deur hierdie koppeling en vergroting van dekking waar amateurs tot in Ellisras kan inskakel bewys Tak Rustenburg weereens dat hulle op die voorpunt van die tegnologie bly. Baie dank aan Henry ZS6IIX en Eugene ZR6CEN vir die harde werk om hierdie projek 'n sukses te maak.

PRETORIA ARK RIG 'N UITDAGING

Die Pretoria Amateurradioklub het 'n uitdaging aan ander takke en klubs uitgereik om hulle aan te vat vir die klubdeelnametoekenning vir die 2003 SARL HF-kompetisies. Die foonkompetisie is verby en op Sondag 31 Augustus word die

SARL HF-gelykgolfkompetisie gehou. Die Pretoria ARK sê jy moet jou morsesleutel uithaal en afstof vir hierdie kompetisie. Om 14:30 begin die kompetisie met aktiwiteit op 20, 40 en 80 meter. Die reëls kan op die SARL se webblad by www.sarl.org.za gevind word, dit sal ook met die volgende HF-Nuusbrief uitgestuur word. Gaan jy op die lug wees op Sondag 31 Augustus?

JAARLIKSE DXCC-LYS

Die ARRL se DXCC-kantoor berig dat die sluitingsdatum vir aansoeke vir die 2003 DXCC-Lys vinnig nader kom. Die posstempel op die aansoek moet nie later as 30 September 2003 wees nie. Vir meer inligting kontak die DXCC-Bestuurder Bill More NC1L by dxcc@arrl.org of plaaslik vir Tjerk ZS6P by zs6p@iafrica.com.

VOLGENDE INTEGNET 2003 ONDERSOEK KRAGLYNKOMMUNIKASIE

Die vraag na wyebandkommunikasie en goedkoop toegang na hoëspoedinternet is besig om vinnig te groei en dit het ingenieurs aangemoedig om nuwe oplossings soos ADSL en Wyeband Kraglynkommunikasie (BPLC in Engels) te ontwikkel. ADSL werk op gewone kopertelefoonkabels terwyl BPLC of PLC op die elektriese hoëspanningskabels werk. Navorsing het bewys dat ADSL baie min of geen steurings aan radiokommunikasie veroorsaak nie, maar dat BPLC omtrent alle radiokommunikasie op meeste van die HF-spektrum ontmoontlik maak.

Sluit aan by die bespreking tydens die volgende SARL Integnet 2003. Die program sal om 19:00 SAT op Sondag 31 Augustus
aangebied word, en sal in diepte kyk na die probleme met hierdie kommunikasiestelsel. Verskeie tegnologieë en die impak op radiokommunikasie sal bespreek word, asook die aksieplanne van die IARU en nasionale amateurradioverenigings om grootskaalse inwerkingstelling te verhoed. Die program sal eindig met 'n bespreking oor watter aksies Suid-Afrikaners moet neem om te verhoed dat BPLC in werking gestel word.

Klubs en takke wat hulle herhalers by die Integnet wil inskakel moet 'n versoek per e-pos stuur aan armi@sarl.org.za. Verskaf asseblief dekkingsbesonderhede van die herhaler, frekwensie en die telefoonnommer wat gekoppel sal word aan die Telkom Telekonferensiesentrum.

SARL TOP BAND SERTIFIKAAT

Die Top Band Sertifikaat word geborg deur die SARL en die doel is om meer QSO's op 160 meter te bevorder met Suider-Afrikaanse lande. Suid-Afrikaanse stasies moet bewys lewer van kontakte met tenminste ses verskillende Suider-Afrikaanse roepareas, waarvan vyf in die Republiek van Suid-Afrka, en die sesde kontak met 'n stasie in 3DA, 7P of A2.

Alle kontakte na 1 Januarie 1960 is geldig vir hierdie toekenning en kontakte moet tussen 1 800 en 2 000 kHz gemaak word. ZS- amateurs kan tussen 1 810 en 1 850 kHz uitsaai. Endossemente vir enkelmodusse kan aangevra word. Suid-Afrikaanse aansoekers moet die QSL-kaarte, 'n lys van kontakte en 'n

hanteringsfooi van R10,00 insluit. Die toekenning is gratis vir lede van die SARL.
Jou aansoek moet gestuur word aan Die Toekenningsbestuurder, Suid-Afrikaanse Radioliga, Posbus 1721, Strubensvallei, 1735, en navrae kan per e-pos gestuur word aan zs6p@iafrica.com.

Van die 27 sertifikate wat tot Februarie 2003 uitgereik is, is slegs 5 aan Suid-Afrikaners.

INLIGTING VAN KLUBS EN TAKKE AANGEVRA

Die SARL is besig om die databasis met inligting oor klubs en takke op datum te bring. Klub- en Taksekretarisse word versoek om die volgende inligting spoedig aan zs6phd@mweb.co.za te stuur:

Naam van klub of tak; Aantal klub of taklede; Benaderde aantal klublede wat SARL-lede is; Huidige jaarlikse klubledegeld.

Kan u ook asb laat weet hoe u voel oor die PDF-formaat waarin inligting aan klubs gestuur word.

KLUBNUUS

Lede van die Bloemfontein Radioamateurklub het gister, 16 Augustus, kommunikasie verskaf vir die 2003 Motorpics Bergtydren.
Die tydren, die 22ste, is in die Barkly-Oos, Lady Grey en Aliwal- Noord distrikte gehou.

Die Bloemfontein RAK gaan op Saterdag 23 Augustus 'n veldstasie en amateur-radiouitstalling oprig by die Langenhovenpark Boeremark. Die klub sal met roepsein ZS4BFN op die lug wees op 40 en 20 meter asook plaaslik op 2 meter. Die klub het 'n staanplek by die boeremark gekry en sal gereeld amateurradio aan die publiek van Bloemfontein wys.

DATUMS OM TE ONTHOU

16/17 Augustus: Die Internasionale Ligtoring- en Ligskipnaweek, inligting is op die SARL webwerf by www.sarl.org.za beskikbaar.

18 Augustus: Sluitingsdatum vir logstate vir die 2003 SARL HF- foonkompetisie. Stuur dit per e-pos aan contests@sarl.org.za of per pos na die NARS.

31 Augustus 2003: SARL HF-Gelykgolfgompetisie en SARL Integnet oor Kraglynkommunikasie.

20/21 September: Die tweede been van die SARL BHF/UHF- kompetisie.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Dennis ZS4BS en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-,

145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het.
Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX